



OORGANGSFASE VIR SAT-7

Assistant HUB (Hoof Uitvoerende Beampte) en Hoof Kanaalbeampte, Rita Elmounayer is tydens die onlangse vergadering van die SAT-7 Internasionale Raad, net voor die NETWERK 2018 konferensie, benoem as die aangewese HUB.

Die oordrag van verantwoordelikhede sal waarskynlik in 2019 plaasvind. Stigter en huidige HUB, Dr Terence Ascott verduidelik wat in die aanloop tot die verandering sal gebeur:

“Rita gaan voort in haar huidige rol as Hoof Kanaalbeampte, en ek as HUB. Sy gaan dus voort om die Kanale te ondersteun om by ons strategiese doelwitte uit te kom.”

TOEGEWYD AAN DIE BEDIENING

Rita Elmounayer is betrokke by SAT-7 van die heel begin af. ’n Gebore Libanees, was sy die eerste aanbieder wat dit op die TV-skerm gewaag het in 1996, toe SAT-7 nog net ’n tweeuur-lange weeklikse program in Arabiese uitgesaai het.

Nou, 22 jaar later, is Rita se hartstog en toewyding aan SAT-7 se bediening sterker as ooit. Sy vertel:

“SAT-7 poog in hierdie onrustige tyd om ’n verskil te maak in die samelewing en kultuur van die Midde-Ooste en Noord-Afrika. God is altyd aan die werk – ons weet nooit waar en wanneer die saad sal groei nie. Ons verantwoordelikheid is om dit te saai.”

DR ASCOTT SE TOEKOMSTIGE ROL

Na 40 jaar se werk in die Midde-Ooste, waartydens hy SAT-7 van onder af opgebou het, vra baie mense Dr Ascott oor sy toekomsplanne. Sy reaksie is:

“Meeste mense fokus ná aftrede op dit wat hulle geniet – hierdie is wat ek geniet! Na die oorgang is my nuwe posisie “Stigter/President”. Aanvanklik sal ek nog beskikbaar wees vir Rita as die nuwe HUB en ook vir ander lede van die Midde-Ooste Leierskap Span – vir raad of hulp soos benodig. Ek sal ook die organisasie aanhou bemark aan ons ondersteuners en potensiële ondersteuners wêreldwyd, en meer tyd

spandeer aan skryfwerk en die ondersteuning van ons bestuurstrukture.”

Die Internasionale Raad se Uitvoerende Bestuur kom byeen in Julie 2018 om Dr Ascott se toekomstige rol in die bediening te bevestig.

Bid asseblief vir Me Elmounayer, Dr Ascott, en SAT-7 se leierskap in hierdie komende jaar van oorgang. Bid asseblief dat SAT-7 getrou sal bly aan God se leiding en dat Hy verheerlik word deur hierdie bediening. ■

Ons dank God vir die getroue en opofferende ondersteuning van ons Vennote en vriende, en die onvermoeide ywer en goeie rentmeesterskap van ons personeel – almal wat meegewerk het om 2017 se hulpbronne ten beste te benut,

GETROUE GETUIE VIR ONS KYKERS

SAT-7 se nuwe vyf-jaar strategiese plan omvat 'n ambisieuse strategie vir die bediening waar die mikpunt steeds is om die Midde-Ooste en Noord-Afrika met sy uitsendings te beïnvloed en verander.

Hoof Operasionele Beampte, Andrew Hart het die gedetailleerde strategie by die SAT-7 NETWERK 2018 konferensie uiteengesit.

Hart verduidelik: “Met SAT-7 se ontstaan, 22 jaar gelede, was die strategie sowel as die tegnologie reg vir daardie tyd. Maar tye verander – die manier waarop mense video benut, is ook aan die verander. Om dié rede het SAT-7 die belangrikste faktore wat ons kykers beïnvloed ontleed, en 'n vyf-jaar strategie ontwikkel om te verseker dat die bediening relevant bly vir hul behoeftes.”

STRATEGIESE PUNTE

- Voorbereiding vir kyk-op-aanvraag in die toekoms. Die manier waarop mense in die MENA (Midde-Ooste en Noord-Afrika) TV kyk, hou aan verander, derhalwe sal SAT-7 nuwe metodes ontwikkel om hul programme vir kyk-op-aanvraag beskikbaar te stel.
- Hoë Definisie uitsendings. Kykerstal word toenemend bepaal deur skermgrootte en HD beeld. SAT-7 gaan dus fokus op verbeterde kwaliteit in inhoud sowel as in beeld.

- Uitbou van vermoë. Die bediening is ingestel op die ontwikkeling van die bestaande span toegewyde Christen professionele mense – mense wat die etos en waardes van SAT-7 uitleef en passievol is oor die Missie en Visie.

GROEIENDE INVLOED IN DIE MENA

Dr Terence Ascott, SAT-7 Stigter en HUB (Hoof Uitvoerende Beampte), sê hierdie strategiese planne stel SAT-7 in staat om die huidige groot geleentheid aan te gryp:

“Vandag het 400 miljoen mense van Morokko tot Afghanistan 'n satelliet-skottel tuis. As ons relevant was toe ons in 1996 begin het met uitsendings twee uur per week aan 'n moontlike gehoor van 'n paar miljoen mense, hoeveel te meer vandag met 1000 uur per week se uitsendings oor vyf verskillende kanale aan so 'n groot gehoor! Wat 'n geweldige geleentheid om 'n verskil te maak!”

DIESELFDE ETOS, DIESELFDE MISSIE

Baie van die fundamentele elemente van SAT-7 se strategie is en bly onveranderd sedert die begin van die bediening, soos: sy visie en missie, en die sensitiewe,

holistiese benadering ten opsigte van sy programbeleid. SAT-7 bou voort op hierdie sterk fondament, en het met dit in gedagte die kernsake bepaal waarop gefokus moet word om invloed te behou en relevant te bly vir kykers se behoeftes. ■

ONS VISIE:

'n Groeiende Kerk in die Midde-Ooste en Noord-Afrika, verseker in die Christelike geloof en getuienis. 'n Kerk wat die gemeenskap dien en positief bydra tot die samelewing en kultuur.

ONS MISSIE:

SAT-7 voorsien aan die Kerk en die Christene in die Midde-Ooste en Noord-Afrika die geleentheid om van Jesus Christus te getuig deur middel van inspirerende, opvoedkundige programme met Bybelse lering.

Kontakbesonderhede in SA:

Posbus 72646,
Lynnwoodrif
Pretoria 004
SUID-AFRIKA

www.sat7sa.org
southafrica@sat7.org
+27 83 628 6488
+27 12 807 2763

Bankbesonderhede in SA:

SAT-7 South Africa
ABSA / Takkode : 632005
Tjekrekening : 93-1343-4717
Meld asb naam en adres met inbetaling

**MAAK
LIEFDE
SIGBAAR**